



HOÛRSKOOL RUSTENBURG

GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

ETIEKKODE

Ek verbind my plegtig tot die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, en ek onderneem om die reg en die regstelsel te respekteer, te onderhou en te bevorder.

Ek verbind my daartoe om:

- die waardes van die skool ten alle tye uit te leef;
- hierdie gedragskode en al die reëls en regulasies van die Hoërskool Rustenburg getrou na te kom;
- hoë morele en etiese standaarde te handhaaf;
- daarna te streef dat my optrede altyd verantwoordelik en ter bevordering van die skool se goeie naam sal wees;
- my skoolwerk met ywer, pligsgetrou en met toewyding te doen;
- die nodige hoflikheid en respek teenoor alle personeel, medeleerders, en besoekers te betoon en in alle omstandighede met integriteit op te tree.

Ek onderwerp my aan enige dissiplinêre maatreëls indien ek sou versuim om enige bepaling of maatreël in die skool se gedragskode na te kom.

GETEKEN TE RUSTENBURG OP HIERDIE _____ DAG VAN _____ 2019

LEERDER

AFDELING A

1. INLEIDING

- 1.1. Hierdie gedragskode is opgestel deur die beheerliggaam na oorleg met die ouers/voogde, leerders en opvoeders van die skool met inagneming van die spesifieke bepalings van die Grondwet, Skolewet en Regulasies met betrekking tot dissiplinêre prosedures in verband met wangedrag van leerders.
- 1.2. Enige dispuut rakende die interpretasie van hierdie gedragskode sal finaal besleg word by wyse van 'n beslissing van die beheerliggaam.
- 1.3. Elke leerder van die skool is gebonde aan hierdie gedragskode. Leerders en hul ouers/voogde moet hulle vergewis van die inhoud van die gedragskode en moet hulle verpligtinge ingevolge daarvan nakom.
- 1.4. Hierdie gedragskode geld:
 - 1.4.1. binne die skool, op die hele skoolterrein, waarby die koshuisterreine ingesluit is;
 - 1.4.2. buite die skoolterrein met betrekking tot alle skoolaktiwiteite waarby leerders betrokke is, met die insluiting van reis na en van die skoolaktiwiteit en wanneer 'n leerder in skool- of sportdrag geklee is, wat hom of haar as leerder van die skool identifiseer;
 - 1.4.3. buite die skoolterrein, indien die leerder in skooldrag of in gewonedrag geklee is en as leerder van die skool geïdentifiseer kan word, indien die leerder 'n oortreding van die gedragskode of landswet begaan wat die beeld van die skool skade berokken; en
 - 1.4.4. in die kuberruimte enige oortreding van die gedragskode, asook enige gedrag wat die beeld van die skool of departement potensieel of werklik skaad of 'n verleentheid veroorsaak.
- 1.5. Leerders sal hulle te alle tye as goeie ambassadeurs van die skool gedra.
- 1.6. Leerders is verplig om die hoof en personeel te ondersteun in die handhawing van goeie orde en 'n omgewing handhaaf waarin die leer- en opvoedingsproses ongehinderd kan plaasvind.
- 1.7. 'n Onderwyser van die skool beskik oor dieselfde bevoegdhede as 'n ouer wat betref die beheer en dissipline van 'n leerder ingevolge hierdie gedragskode.
- 1.8. In geval van 'n redelike vermoede dat 'n leerder hom aan 'n oortreding van hierdie gedragskode skuldig gemaak het, het die hoof en elke onderwyser die bevoegdheid om die persoon van die leerder of die eiendom, in sy besit vir enige gevaarlike voorwerp, dwelmmiddels, sterk drank, gesteelde goedere, pornografiese materiaal of eiendom wat kan dien as bewys van die oortreding van die gedragskode, te deursoek. Sodanige deursoeking vind privaat plaas deur 'n persoon van dieselfde geslag, in die teenwoordigheid van nog 'n personeelid en/of 'n leerder.

- 1.9. Tensy dit uit die samehang anders blyk, het woorde hierin die volgende betekenis:
- "Afrigter" - Enige persoon wat by die skool spanne/groepe afrig en so ook 'n dissiplinêre rol vul.
 - "Beheerliggaam" - Die beheerliggaam van die Hoërskool Rustenburg, behoorlik saamgestel kragtens die Skolewet.
 - "Departement" - Die Provinsiale Departement van Onderwys van die Noordwes Provinsie.
 - "Dissiplinêre Beampte" - Die persoon wat deur die beheerliggaam in oorleg met die hoof aangestel word om op te tree as toesighouer in die toepassing van hierdie gedragskode en as aanklaer tydens dissiplinêre verhore.
 - "Hoof" - Die hoof of sy gedelegeerde vir 'n spesifieke doel.
 - "Onderwyser" - Enige opvoeder wat by die skool onderrig of wat in 'n dissiplinêre hoedanigheid aangestel is.
 - "Ouer" - Enige van die volgende persone:
 - (i) die biologiese of aanneemouers of die wettige voog van 'n leerder;
 - (ii) 'n persoon wat regtens geregtig is daarop om bewaring van 'n leerder te neem; of
 - (iii) 'n persoon wat volgens voorskrifte onderneem om die verpligtinge van 'n persoon in (i) of (ii) vermeld na te kom met verwysing na die onderrig van 'n leerder.
 - "Personeellid" - 'n Persoon wat in diens van die skool is.
 - "Leerder" - Enige leerder volgens voorskrifte toegelaat en ingeskryf by die skool, manlik en vroulik.
 - "Skool" - Hoërskool Rustenburg
 - "Skoolaktiwiteite" - Enige amptelike opvoedkundige, kulturele, sosiale of sportaktiwiteite by die skool of wat in verband staan met die skool.
 - "Skoolterrein" - Die hele grondgebied waarop die skool se geboue voorkom, wat die koshuisterreine en sportvelde insluit.
- 1.10 Die relevante bepalings van die Grondwet, Skolewet en Regulasies met betrekking tot die dissiplinêre prosedures in verband met die wangedrag van leerders geld in alle gevalle waarin hierdie gedragskode nie pertinente voorskrifte ten aansien van 'n bepaalde feitlike situasie bevat nie.

- 1.11 Elke leerder wat van oordeel is dat sy regte in enige opsig deur 'n medeleerder geskend is by wyse van 'n oortreding van hierdie gedragskode, asook die ouers/voogde van die eersgenoemde leerder, is verplig om 'n skriftelike klagte teen die medeleerder wat geïmpliseer word by sy voorgonderwyser, graadhoof of dissiplinêre beampte te lê.
- 1.12 Die gedragskode van die skool inkorporeer alle ander gedragskodes wat betrekking het op 'n buitemuurse aktiwiteit, en is elke leerder wat deelneem aan 'n buitemuurse aktiwiteit ook onderworpe aan daardie aanvullende kode.

2. SKOOL- EN KLASBYWONING

- 2.1 'n Leerder moet tot 9:00 by die skool wees om aanwesig gemerk te word. 'n Leerder mag slegs met skriftelike- of per e-pos versoek van sy/haar ouers/voogde gedurende skoolure met 'n aanvaarbare rede uitgeteken word.
- 2.2 'n Ouer kom haal self die leerder of stuur 'n skriftelike versoek dat die leerder saam met die betrokke persoon vervoer mag word. Die versoek moet vroegoggend by die ontvangs ingehandig of per e-pos deur die ouer gestuur word.
- 2.3 Die leerder meld betyds by die ontvangs aan, verkieslik tussen periodes, pouse of gedurende die voogperiode. Die leerder ontvang 'n toestemmings-briefie om die terrein te verlaat wat by die sekuriteit ingehandig moet word.
- 2.4 Die leerders wat gedurende die dag uitgeteken het se name verskyn die volgende dag op die daaglikse notule en die personeel kontroleer die leerder se afwesigheid. Die leerder onderneem dat hy/sy self die verlore werk op datum sal bring.
- 2.5 Die leerder wat tydens skoolure siek word:**
Die leerder maak verskoning by sy vakonderwyser en kom meld by die kantoor aan. Leerders mag nie self hulle ouers/voogde bel om hom/haar te kom haal nie. Indien dit nodig is, sal die ouers gekontak word om die leerder te kom haal of daar word in oorleg saam met die ouer besluit hoe om die situasie te hanteer.
- 2.6 Enige leerder wat sonder 'n aanvaarbare rede afwesig is tydens klasbywoning, word as stokkiesdraai geag.
- 2.7 Leerders wat vir 'n volle dag afwesig was of gaan wees:**
Ouers/voogde moet die skool indien moontlik, vroegtydig telefonies laat weet, per faks of per e-pos. Nieteenstaande moet 'n skriftelike verskoning by die voorgonderwyser ingehandig word op die eerste dag na die afwesigheid met stawende dokumente bv. 'n doktersbrief. Indien hierdie verskoning nie ontvang word nie, sal die afwesigheid geag word dat die leerder stokkies gedraai het, wat 'n vlak 3-oortreding is.
- 2.8 Volgens die Onderwysdepartement mag 'n leerder nie vir meer as 10 (tien) dae per jaar afwesig wees sonder 'n aanvaarbare verskoning nie.

- 2.9 Afwesighede tydens toetse en eksamen word deur die akademiese adjunkhoofde hanteer.
- 2.10 'n Toesigklas beteken nie dat dit 'n vry periode (af) is nie. Die leerders moet betyds by die toesighoudende personeellid aanmeld, indien leerder nie aanmeld nie sal dit as 'n glip periode geag word wat 'n vlak 2 oortreding is.
- 2.11 Die leerder moet in die oggend betyds opdaag vir opening en reeds teen 7:10 in die vierkant sit en nie by die klasse laat opdaag nie.
- 2.12 Indien 'n leerder gedurende klastyd 'n afspraak elders moet nakom, moet hy eers by die klasonderwyser aanmeld en toestemming kry om die klas te verlaat.

3. KLASREËLS

- 3.1 Die leerders moet stiptelik en volledig die klasreëls en opdragte uitvoer wat deur die onderwyser of enige personeellid gegee word.
- 3.2 Geen leerders mag op enige wyse optree wat die akademiese onderrig in die klas belemmer nie.
- 3.3 Geen leerder mag enige handeling verrig wat 'n onderwyser of ander leerders verontref of ontwrig nie. Die reëls ten opsigte van selfone word hierby ingesluit.
- 3.4 Gedrag word as klasontwrigting beskou indien dit die goeie orde in die klas versteur of onmoontlik maak en sluit ook in die gooi van voorwerpe, aanhoudende gesels en skertsery, onnodige rondlopery, uitskree van antwoorde, eet en drink in die klas of enige onaanvaarbare gedrag.
- 3.5 Indien 'n leerder 'n oortreding van die klasreëls begaan, word dit beskou klasontwrigting en word vyf strafpunte toegeken.
- 3.6 Indien 'n leerder in 'n bepaalde skooljaar drie keer die oortreding van klasontwrigting begaan het, word daardie leerder vir 'n tugsitting na die hoofderaad verwys.
- 3.7 Leerders moet betyds opdaag vir klas.
- 3.8 Leerders moet op die sitplek sit soos deur die onderwysers aangewys is.

4. SKOOLDRAG EN PERSOONLIKE VOORKOMS

Alle leerders moet die skoolreëls met betrekking tot persoonlike voorkoms en skooldrag, wat afsonderlik van hierdie reëls bestaan, nakom.

5. OPTREDE TEENOR ONDERWYSERS EN MEDELEERDERS

- 5.1 Leerders moet altyd hoflik en met respek teenoor die onderwysers en die personeellede van die skool sowel as ander skole optree en alle redelike opdragte van hulle gehoorsaam.
- 5.2 Leerders moet met respek teenoor lede van die Rustieraad en VLR optree en hul gesag eerbiedig.
- 5.3 'n Leerder mag geen gedrag openbaar wat tot nadeel van 'n ander persoon kan strek nie.
- 5.4 Geen vuil, vulgêre, vloek- of skeltaal mag verbaal, deur 'n handgebaar of deur middel van enige elektroniese boodskappe gebruik word nie.
- 5.5 Geen vorm van bullebakkery word geduld nie. **[sien boelie- en bullebakkery-beleid]**

6. SPORT-, KULTURELE- EN BUITEMUURSE AKTIWITEITE

6.1 DEELNEMERS

- 6.1.1 Leerders wat gekies word om die skool te verteenwoordig as deelnemers aan enige sport- en ander aktiwiteite moet geklee wees in sportdrag, aktiwiteitsdrag of skooldrag tydens deelname aan sodanige aktiwiteit.
- 6.1.2 Alle leerders moet betyds aanmeld by die plek waar die aktiwiteit plaasvind, of van waar die deelnemers vertrek na die plek van deelname.
- 6.1.3 'n Skriftelike verskoning moet binne 3 (drie) dae na afwesigheid van 'n aktiwiteit by die sporthoof of organiseerder ingedien word.
- 6.1.4 Deelnemers aan aktiwiteite moet te alle tye hoflik optree en voldoen aan die beslissings, voorskrifte en opdragte van die adjunkhoof sport, kultuurhoof, onderwyser of afrigter daarby betrokke, skeidsregter, beoordelaar en spankaptein. Onaanvaarbare taalgebruik of optrede op of van die veld sal nie geduld word nie.
- 6.1.5 Deelnemers moet met selfbeheersing en dissipline optree en op geen wyse onsportief optree nie.

6.2 TOESKOUERS EN ONDERSTEUNERS VAN SPORT EN ANDER AKTIWITEITE

- 6.2.1 Alle leerders wat sport en ander aktiwiteite as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal hulle weerhou van ontwrigtende, onbehoorlike of onbetaamlike gedrag en taalgebruik.
- 6.2.2 Leerders wat sodanige aktiwiteite bywoon, sal hulle onderwerp aan enige redelike opdragte en teregwyding van die persone wat oor hul in 'n gesagsposisies aangestel is.
- 6.2.3 Ouers/voogde wat 'n beswaar het rakende enige sport- of kultuuraktiwiteit moet eerstens die adjunkhoof sport en kultuurhoof in die verband kontak en 'n skriftelike verduideliking van klage of ongelukkigheid per e-pos rhs@hsrtb.co.za indien.

7. EIENDOM

- 7.1 Leerders mag nie nalatig of onverskillig wees met hul eiendom soos skoolbaadjies, tasse, sportsakke, kontant en selfone nie. Leerders se eiendom moet duidelik aan die binnekant van die kledingstuk gemerk word.
- 7.2 Alle leerders moet die eiendom van andere en ook die eiendom van die skool respekteer.
- 7.3 Geen leerder mag die eiendom van 'n ander persoon of die skool doelbewus of as gevolg van onverantwoordelike gedrag beskadig nie, wat insluit dat graffiti nie op enige muur, skoolbank of ander plekke op die skoolterrein aangebring mag word nie.
- 7.4 Skooleiendom wat aan leerders toevertrou word, moet aan die skool terugbesorg word op die bestemde tyd en in dieselfde toestand soos aan hul toegedeel is .
- 7.5 Geen leerder mag enige skooleiendom, van die skoolterrein verwyder sonder toestemming nie.

8. SKOOLKENNISGEWINGS

- 8.1 Elke leerder is verplig om alle omsendbriewe aan sy/haar ouers/voogde te oorhandig. Ouers/voogde moet die omsendbrief onderteken en die leerder moet dit aan sy/haar registeronderwyser inhandig.
- 8.2 Elke leerder is verplig om indien sy/haar ouers/voogde se kontakbesonderhede verander het die skool daarvan in kennis te stel.

9. SKOOL- EN HUISWERK

- 9.1 Leerders moet huiswerk, take en portefeuljeopdragte nougeset, volledig en stiptelik doen.
- 9.2 Leerders moet elke dag alle nodige onderrigmateriaal en boeke skool toe bring en dit vir elke periode beskikbaar hê.
- 9.3 Leerders mag nie huiswerk of opdragte van ander leerders afskryf nie. Hulle mag nie opdragte inhandig wat nie deur hulle persoonlik gedoen is nie, sal as oneerlikheid beskou word.

10. TOETSE EN EKSAMENS

- 10.1 Leerders is verplig om hulle te onderwerp aan die toetse en eksamens wat by die skool afgelê word.
- 10.2 Leerders mag op geen wyse met mekaar kommunikeer tydens die afneem van toetse of eksamens nie, of so optree dat 'n onbehoorlike voordeel daaruit getrek word nie.
- 10.3 Geen leerder mag 'n selfoon of slimfoon in sy/haar besit hê tydens die aflegging van 'n toets of eksamen nie al is dit afgeskakel. Oortreding sal hanteer word as oneerlikheid of poging daartoe.

11. MOTORS EN MOTORFIETSE

- 11.1 Geen leerder mag 'n motor of motorfiets op die skoolterrein bestuur sonder 'n geldige bestuurderslisensie en die toestemming van die hoof nie.
- 11.2 Die bestuur van 'n motor of motorfiets moet op 'n verantwoordelike wyse geskied sodat daar geen risiko van benadeling of potensiële benadeling vir ander persone op die skoolterrein kan wees nie.
- 11.3 Motors en motorfietse mag slegs geparkeer word op die plekke wat daarvoor aangewys is en word op eie risiko geparkeer.
- 11.4 Leerders wat motors en motorfietse in skooldrag bestuur is verplig om buite die skoolterrein alle verkeersreëls na te kom.
- 11.5 Leerders wat 'n wettige bestuurslisensie het, reël by die kantoor vir 'n toegangsperrmit. Slegs voertuie met 'n geldige toegangsperrmit word op die skoolterrein toegelaat.

12. KOSHUISREËLS

Leerders wat koshuisinwoners is, moet die vereiste koshuisreëls vir die onderskeie koshuise nakom. Leerders, onderwysers en ouers/voogde is onderhewig aan die skool se gedragskode en moet die gedrag volg en nakom en respekteer.

13. SKOOLTERREIN

- 13.1 Leerders mag nie die skoolterrein of geboue bemors of beskadig nie.
- 13.2 Leerders wat as deelnemers, toeskouers of ondersteuners by enige skoolaktiwiteit aanwesig is, moet die terrein waar die aktiwiteite plaasvind netjies en skoon agterlaat.
- 13.3 Leerders mag op geen wyse optree wat 'n gesondheidsrisiko vir ander leerders of persone op die skoolterrein inhou nie.
- 13.4 Leerders mag nie enige afvoerpyp of toilet met papier of ander voorwerpe verstop of waterkrane ooplaat nie.
- 13.5 Geen leerder mag rommel op die skoolterrein strooi of weier om dit op te tel nie as hy deur die personeel of die Rustieraad versoek word om dit te doen.
- 13.6 Leerders mag slegs op die toe gewyse terrein van die skool en koshuis beweeg.

14. ROOK, DWELM- EN DRANKGEBRUIK

- 14.1 Leerders mag nie in besit wees van sigarette of vorm van tabak of toerusting, alkoholiese drank of enige gewoonte- of afhanklikheidsvormende middels nie. Leerders mag nie betrokke wees by die verspreiding van die middele nie.
- 14.2 Leerders mag onder geen omstandighede, rook of drankgebruik wanneer hulle geïdentifiseer kan word as leerders van die skool nie
- 14.3 Leerders mag onder geen omstandighede alkoholiese drank of dwelm-middels besit of gebruik nie, of onder die invloed daarvan wees nie. Leerders mag nie genoemde middels by die skool verkoop, weggee of probeer bekom nie.
- 14.4 Geen leerder mag doelbewus in die teenwoordigheid van persone wat rook of wat drank of dwelmmiddels gebruik, wees nie.
- 14.5 Geen leerder mag oortreders van hierdie reël waarsku of beskerm wanneer persone in 'n gesagsposisie hulle nader of moontlik gaan betrap nie.

- 14.6 Indien 'n leerder die **eerstekeer** gevang word, moet die ouers/voogde en die leerder die rookbeleid by die dissiplinêre beampte kom teken. 'n Leerder woon nie die akademiese klasse by alvorens die ouers/voogde by die dissiplinêre beampte was nie.
- 14.7 Indien 'n leerder 'n **tweedekeer** gevang word, tree 'n skorsing van drie dae in werking.
- 14.8 Indien 'n leerder 'n **derdekeer** gevang word, is daar 'n BL-tug.
- 14.9 Magtiging vir die ewekansige deursoeking van leerders en beslaglegging van enige onwettige middels of toestelle asook die toetsing van leerders vir die gebruik van verbode middels:
- Die hoof magtig die adjunkhoofde van die skool, om in sy afwesigheid, verantwoordelikheid te aanvaar vir deursoeking en beslaglegging.
 - Die hoof verleen ook toestemming aan die genoemde adjunkhoof om enige leerder aan 'n urine of ander ingreepsvrye toets te onderwerp onderhewig aan die voorwaardes genoem in Artikel 8A van die Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996)

15. ONBEHOORLIKE FISIESE KONTAK

- 15.1 **Geen** onbehoorlike fisiese kontak (soen, of onbehoorlike kontak) tussen leerders word toegelaat nie.
- 15.2 Hierdie reël geld ook vir leerders in hul skooldrag buite die skoolterrein.

16. SELFONE EN ANDER ELEKTRIESE TOERUSTING

- 16.1 Leerders mag selfone in hulle besit hê, maar is verplig om die volgende reëls ten aansien daarvan te volg tydens skoolure:
- 16.1.1 Elke leerder is verantwoordelik vir die bewaring van sy eie selfoon en die skool aanvaar geen aanspreeklikheid vir beskadiging of verlies daarvan nie.
- 16.1.2 Selfone en slimfone moet tydens kontaktyd afgeskakel en in die tas wees. Personeel mag leerders toestemming gee om hulle selfoon vir akademiese doeleindes te gebruik.
- 16.1.3 Kontaktyd is enige tyd wanneer 'n persoon in gesprek is met 'n groep of besig is om reëlings te tref met 'n groep. Dit sluit klastyd, opening, Bybelonderrig in.
- 16.1.4 Geen leerder mag enige selfoonopname maak of versprei van enige voorval tydens skoolure of skolastiese aktiwiteite nie.

- 16.2 Elektroniese toerusting soos I-Pods, MP3-spelers, PSP of soortgelyke toerusting mag nie tydens skoolure na die skoolterrein gebring word nie.
- 16.3 Indien hierdie reëls oortree word, mag enige persoon in 'n gesagsposisie geregtig wees om die apparaat by die leerder af te neem en by die Dissiplinêre Beampte in te handig waar dit op 'n register aangeteken word en in sy kluis toegesluit word.
- 16.4 Die ouer/voog in wie se naam die foon ge-rica is bly verantwoordelik vir enige gebruik van die foon wat tot regstappe kan lei bv. naamskending, teistering, ens.

17. ORIËTERING

- 17.1 Hoërskool Rustenburg het 'n formele goedgekeurde oriënteringsprogram vir graad 8 leerders.
- 17.2 Die program word jaarliks deur die Rustieraad hersien en vir goedkeuring aan die betrokke beheerliggaam verteenwoordiger voorgelê.
- 17.3 Hierdie is nie 'n inisiasie (ontgroening) program nie.
- 17.4 Doelwitte van die program:
 - 17.4.1 Skep van 'n eenheidsgevoel
 - 17.4.2 Gemaklike inskakeling van leerders uit verskillende skole en agtergronde in 'n nuwe eenheid.
 - 17.4.3 die nuwe leerders die terrein te leer ken.
 - 17.4.4 Die Rustiemanier op hulle af te vryf.
 - 17.4.5 Blootstelling aan die waardes van die skool te gee.
- 17.5 Programinhoud word aan die volgende kenmerke gemeet.
 - 17.5.1 Is dit opbouend?
 - 17.5.2 Skep dit samehorigheid?
 - 17.5.3 Bevorder dit respek tussen partye?
 - 17.5.4 Skep dit 'n positiewe gees?
- 17.6 Programinhoud mag nie:
 - 17.6.1 Vernederend wees nie.
 - 17.6.2 Veiligheid van nuwe leerders bedreig nie.
 - 17.6.3 Leerders minderwaardig laat voel nie.
 - 17.6.4 Menswaardigheid aantast nie.
 - 17.6.5 Fundamentele regte en waardes vermeld in die Grondwet, Skolewet en enige ander toepaslike wetgewing ondermyn nie.

- 17.7 Alle graad 8-leerders het by wyse van paragraaf **6.8** die aansoekvorm tot toelating ingestem om op 'n positiewe wyse aan die oriënteringsprogram deel te neem.

18. VERBOD OP POLITIEKE ATIWITEITE

- 18.1 Geen leerder mag aan enige politieke aktiwiteite tydens skoolure deelneem nie.
- 17.2 Politieke aktiwiteite sluit in, maar is nie beperk nie tot-
- 18.2.1 veldtogvoering;
 - 18.2.2 die hou van byeenkomste;
 - 18.2.3 die verspreiding van pamflette en strooibiljette;
 - 18.2.4 die hang of opsit van plakkate en baniere; en
 - 18.2.5 die hou van optogte.

19. OORTREDING IN DIE ALGEMEEN

- 19.1 Afgesien van die besondere bepalings van hierdie gedragskode, mag geen leerder enige misdaad ingevolge die Suid-Afrikaanse Strafreë op die skoolterrein of in omstandighede waartydens hierdie gedragskode geld, pleeg nie.
- 19.2 Sonder om afbreuk te doen aan die algemene reëls hierbo gestel, mag geen leerder enige gedrag openbaar wat die veiligheid van ander leerders of persone aanwesig op die skoolterrein bedreig of hul regte aantast nie.
- 19.3 Die volgende optrede is verbode vir enige leerder:
- 19.3.1 Besit of gebruik van 'n potensieel gevaarlike wapen, vuurwapen of 'n verbode middel;
 - 19.3.2 Immorele gedrag van enige aard;
 - 19.3.3 Die besit van enige onweloweglike of pornografiese materiaal, wat insluit SMS-boodskappe en visuele beelde op selfone en ander elektroniese toerusting. Elke leerder bly ten volle verantwoordelik vir die inhoud op sy/haar selfoon;
 - 19.3.4 Die gebruik van Godslasterlike, vloek- of skeltaal teenoor enige persoon. Dit beteken dat rassisme en haatspraak in enige vorm streng verbode is en dat geen belediging met 'n verwysing na ras toegelaat sal word nie;
 - 19.3.5 Seksuele teistering in enige vorm;

- 19.3.6 'n Geboelie of geterg, viktimisasie, intimidasie, mishandeling of afknouery van 'n medeleerder of ander persoon, insluitend uittarting en die aanhitsing tot en uitlok van aggressiewe gedrag;
- 19.3.7 Deelname aan 'n sameswering om die behoorlike funksionering van die skool te ontwrig;
- 19.3.8 Versuim om te voldoen aan enige strafmaatreël wat weens 'n oortreding opgelê is – bv. detensie;
- 19.3.9 Versuim om dissiplinêre verrigtinge by te woon wanneer kennis daarvan ontvang is;
- 19.3.10 Geen voorwerp van enige aard mag gegooi word nie;
- 19.3.11 Die aanranding of poging tot aanranding van 'n ander persoon of aanhitsing van 'n ander persoon om iemand aan te rand;
- 19.3.12 Tydens 'n aanranding of poging tot aanranding optree as toeskouer, en/of foto's of video's neem;
- 19.3.13 Die swem in die skoolswembad buite die normale kurrikulum en sonder toesig van 'n onderwyser.
- 19.3.14 Enige vorm van boelie- of kuber-bullebakkery.

20. RUSTIERAAD EN VERTEENWOORDIGENDE LEERLINGRAAD (VLR)

- 20.1 Die lede van die Rustieraad en VLR dra 'n besondere plig van goeie trou teenoor die skool en sal die hoof en personeel ondersteun in die toepassing van hierdie gedragskode en handhawing van goeie orde soos deur hulle onderneem/ belowe is.
- 20.2 Lede van die rade is verplig om te alle tye in alle optrede te dien as voorbeeld vir medeleerders.
- 20.3 Die volgende is besondere oortredings vir lede van die rade:
 - 20.3.1 Die teenwoordigheid op 'n plek waar 'n oortreding van die gedragskode deur 'n medeleerder gepleeg word, sonder dat die lid die oortreding teengaan; en
 - 20.3.2 Die versuim om 'n ernstige oortreding van die gedragskode deur 'n medeleerder aan 'n onderwyser te rapporteer.
- 20.4 Indien 'n lid van die rade 10 strafpunte teen hulle opbou, word die lid verwys na hoofderaad. Die lid word vir 3 (drie) maande geskors tensy die lid die hoofderaad kan oortuig dat 'n alternatiewe straf gepas is. Indien 'n lid van 'n raad se strafpunte vermeerder (meer as 15) of indien hy/sy 'n vlak 2 of 3-oortreding begaan, kan die lid permanent geskors word.

- 20.5 Binne die ampstermyn waarvoor hulle verkies is, 'n tweede oortreding van die skoolreëls rakende skooldrag en persoonlike voorkoms begaan, word daardie lid verwys vir verhoor deur die hoofderaad en word die lid geskors vir 'n tydperk van drie maande, tensy die lid die hoofderaad kan oortuig dat 'n alternatiewe straf gepas is.

AFDELING B

1. STRAFMAATREËLS

1.1 ALGEMEEN

Toepaslike strafmaatreëls word aangewend met inagneming van die belange van die individuele leerder, die aard en erns van die wangedrag, die belange van die gemeenskap in die algemeen en die skoolgemeenskap in die besonder, teen die agtergrond van die handhawing van 'n klimaat en kultuur van onderrig en leer by die skool, die regverdigde en gebalanseerde behandeling van leerders, die beskerming van die fisiese, geestelike en morele welstand van die leerders en opvoeders by die skool en die beskerming en die bevordering van die basiese grondwetlike regte van alle belanghebbers by die skool.

1.2 STRAF WAT OPGELÊ KAN WORD IN GEVAL VAN WANGEDRAG

Die volgende tipes straf of kombinasies daarvan kan opgelê word in geval dit bevind word dat 'n leerder wangedrag geopenbaar het:

- 1.2.1 'n Mondelinge waarskuwing, wat aangeteken sal word op die leerder se rekord;
- 1.2.2 'n Skriftelike waarskuwing, waarvan 'n afskrif op die leerder se lêer geplaas moet word;
- 1.2.3 Bykomende huiswerk;
- 1.2.4 'n Leerder met meer as 15 strafpunte kan die volgende straf ontvang;
- die beperking van die leerder se beweegruimte tydens pouse, asook gemeenskapsdiens take tydens pouse of na skool, wat kan insluit die skoonmaak van terrein en optel van rommel,
 - die poets van skoene,
 - hulp aan personeel bv. die regpak van store, die afskuur van skoolbankies en dergelike take.
 - 'n leerder verdien 1 (een) positiewe punt vir elke uur wat hy/sy voldoen het aan die vereistes.

1.2.5 Detensie:

Wanneer 'n leerder meer as 15 strafpunte het, moet die leerder op 'n Woensdagmiddag van 14:00 tot 16:00 detensie bywoon. Leerders

sal ten minste twee dae voor die tyd in kennis gestel word. Ouers/voogde sal per SMS in kennis gestel word. Slegs skriftelike verskoning voor Woensdae, sal in uitsonderlike gevalle oorweeg word. Indien die leerder sonder verskoning nie opdaag vir detensie nie kan die leerder vir 3 (drie) dae geskors word en kry hy/sy 'n addisionele 5 (vyf) punte. Indien die leerder wel die detensie bywoon verdien hy/sy 5 (vyf) positiewe punte.

- 1.2.6 Ontneming van voorregte, insluitende die voorreg om aan skoolaktiwiteite deel te neem;
- 1.2.7 Afdanking of skorsing as 'n lid van die Rustieraad of VLR of vanuit 'n ander leiersposisie, asook 'n aanbeveling dat die leerder nie 'n geskikte en gepaste persoon is om oorweeg te word vir die verkiesing as lid van die Rustieraad, VLR of in enige leiersposisie nie;
- 1.2.8 Bywoning van berading of 'n program van behandeling soos bepaal tydens die dissiplinêre verhoor;
- 1.2.9 Skorsing uit die skool vir 'n tydperk van 5 (vyf) dae;
- 1.2.10 Aanbeveling van uitsetting uit die skool aan die departement met 'n 14 dae skorsing hangend die bevinding van die onderwyshoof;
- 1.2.11 Opskorting van enige van bogenoemde strawwe.

1.3 VOORKOMENDE SKORSING

Die beheerliggaam kan, op redelike gronde en as voorsorgmaatreël op aanbeveling van die dissiplinêre beampte 'n leerder wat vermoedelik ernstige wangedrag gepleeg het, skors van bywoning van die skool nadat 'n redelike geleentheid aan die leerder gebied is om verhoër in verband met sodanige skorsing te rig.

AFDELING C

DISSIPLINÊRE PROSEDURE VAN TOEPASSING OP ONDERSOEK EN VERHOOR VAN BEWEERDE WANGEDRAG

1. INLEIDING

- 1.1 'n Leerder het die reg om volledig in kennis gestel te word van die bewering dat hy 'n oortreding begaan het.
- 1.2 Volle geleentheid word aan 'n leerder gebied om sy weergawe van die gebeure te stel.
- 1.3 Elke leerder word geag onskuldig te wees aan die oortreding totdat hy skuld beken het of skuldig bevind word na verhoor.

- 1.4 Aan elke oortreding in hierdie gedragskode word 'n punt toegeken na aanleiding van die erns daarvan. Ongeag hierdie punt, kan enige oortreding verwys word vir verhoor deur die Hoofderaad of 'n Dissiplinêre Komitee van die Beheerliggaam ("Dissiplinêre Komitee").
- 1.5 Die volgende reëls geld ten aansien van die toekenning van strafpunte:
- 1.5.1 Elke leerder begin 'n nuwe skooljaar met 'n skoon dissiplinêre rekord, behalwe as:
- 1.5.1.1 'n tugkomitee aan die einde van die vorige jaar bevind het dat, op grond van die leerder se gedragsrekord die leerder slegs voorwaardelik toegelaat sal word. 10 strafpunte word oorgedra na die volgende jaar. Die ouer/voog en leerder onderteken 'n onderneming dat, indien die leerder 'n verdere 15 punte sou opbou, die leerder na 'n ander skool sal gaan;
- 1.5.1.2 die leerder in die eindeksamen van die vorige jaar 10 punte vir 'n oortreding ontvang het; of
- 1.5.1.3 punte opgeskort is.
- 1.5.2 Punte word soos volg toegeken:
- 1.5.2.1 vir 'n vlak 1-oortreding, 2 punte;
- 1.5.2.2 vir 'n vlak 2-oortreding, 3 tot 10 punte; en
- 1.5.2.3 vir 'n vlak 3-oortreding, 15 punte, soos uiteengesit in die riglyne vir detensie en tugsittings.
- 1.5.3 Die leerder dien so gou doenlik sy straf uit, maar indien hy hom weer skuldig maak aan dieselfde vlak 1 oortreding, word dit 'n vlak 2-oortreding, waarvoor hy dubbel die aantal punte as voorheen ontvang.
- 1.5.4 Herhaaldelike oortreding van 'n vlak 1- of 2-oortreding word beskou as ernstige wangedrag en mag lei tot skorsing.
- 1.5.5 'n Leerder wat 15 punte versamel het, moet 'n Woensdagmiddag 'n detensieklas bywoon. Verwys na 1.2.5 (Afdeling B)
- 1.5.6 Indien 'n leerder 20 punte versamel op enige stadium, moet hy voor die graadhoof verskyn, welke met hom 'n informele gesprek voer ten aansien van sy gedrag ten einde te bepaal wat die oorsaak daarvan is en welke remediërende optrede geneem moet word.
- 1.5.7 Indien 'n leerder 50 strafpunte versamel in 'n bepaalde skooljaar, vind 'n Hoofderaad tugsitting plaas.
- 1.5.8 Die skool stuur aan die ouers/voogde van die leerder aan wie strafpunte toegeken is, 'n SMS ten einde die ouers/voogde in te lig van die toekenning van strafpunte.

2. PROSEDURE BY MINDER ERNSTIGE OORTREDINGS

- 2.1 Die begrip "minder ernstige oortredings" verwys na daardie oortredings ten aansien waarvan strafpunte summier toegeken word en waar geen verhoor plaasvind nie.
- 2.2 Waar die beweerde oortreding in die teenwoordigheid van 'n onderwyser plaasvind of by 'n onderwyser aangemeld word, besluit die onderwyser of dit 'n geval is waarin summier punte toegeken moet word en of die beweerde oortreding vir verdere ondersoek verwys moet word.
- 2.3 Besonderhede van die beweerde oortreding word aan die betrokke leerder gestel en hy moet dan sy weergawe skriftelik stel.
- 2.4 Die onderwyser bepaal of die leerder skuldig is aan 'n oortreding van hierdie gedragskode (sonder ondersoek) en die leerder word ingelig welke punte toegeken word, indien enige.
- 2.5 Indien die onderwyser van oordeel is dat 'n oortreding so ernstig is dat strafpunte nie summier toegeken kan word nie, verwys hy die saak vir ondersoek na die dissiplinêre beampte.
- 2.6 Die dissiplinêre beampte ondersoek elke saak wat na hom verwys word volledig en verkry skriftelike verslae van alle moontlike getuies. Indien daar *prima facie* getuienis is van 'n oortreding van hierdie gedragskode, word die toepaslike strafpunte toegeken en waar nodig verwys na hoofderaad of Dissiplinêre komitee verwys.
- 2.7 Die dissiplinêre beampte tree in oorleg met die graadhoof of -voog van die groep waarbinne die bepaalde leerder val, op as koördineerder in die hele proses en behartig alle navrae en sien toe dat dit glad verloop. 'n Leerder het 2 dae tyd om by die dissiplinêre beampte appèl aan te teken teen strafpunte. Indien die strafpunte gehandhaaf word, word 'n kort verslag op die agterkant van die strafbrief geskryf en kan die punte nie later weer betwis word nie.

3. PROSEDURE IN VERBAND MET VERHOOR VOOR DIE HOOFDERAAD

- 3.1 Die dissiplinêre beampte verwys 'n leerder vir verhoor deur die hoofderaad indien:
 - 3.1.1 die leerder in 'n bepaalde skooljaar 50 strafpunte versamel het; of
 - 3.1.2 die beweerde oortreding 'n dissiplinêre verhoor regverdig.
- 3.2 Die hoofderaad word saamgestel uit die hoof en een adjunkhoof. Slegs indien die hoof nie beskikbaar is om as voorsitter by die verhoor op te tree nie, tree adjunkhoof dan as sodanig op.

- 3.3 'n Leerder mag deur sy ouers/voogde bygestaan word tydens tugsittings voor die hoofderaad, sou die ouer dit versoek.
- 3.4 Die tugsittings van die hoofderaad is daarop gerig om te bepaal welke probleme die bepaalde leerder by die skool ondervind en ten einde daardie probleme aan te spreek.
- 3.5 Indien die gedrag van 'n leerder na verhoor deur die hoofderaad nie verbeter nie en die leerder 'n verdere 20 strafpunte versamel. Die leerders kan verwys word na die dissiplinêre komitee van die beheerliggaam.
- 3.6 Die verrigtinge voor die hoofderaad vind op so 'n informele wyse moontlik plaas ten einde aard en omvang van die probleem in die leerder se gedrag vas te stel.
- 3.7 Geen leerder is geregtig op die bystand van 'n regspraktisyn tydens 'n verhoor deur die hoofderaad nie.
- 3.8 Die voorsitter van die hoofderaad hou notule van die verrigtinge op 'n wyse wat hy goed vind.
- 3.9 Indien die hoofderaad na oorweging van die meriete van die oortreding van oordeel is dat dit 'n straf van skorsing of aanbeveling tot uitsetting regverdig, word die verrigtinge gestaak en word die leerder verwys vir verhoor deur 'n dissiplinêre komitee van die Beheerliggaam.
- 3.10 Die hoofderaad neem die volgende aspekte in ag voordat 'n gepaste sanksie bepaal word:
- 3.10.1 die leerder se gedragsrekord, met spesifieke verwysing na die aantal punte reeds aangeteken;
- 3.10.2 die leerder se bywoningsrekord en die rede vir afwesighede;
- 3.10.3 die leerder se akademiese vordering; asook;
- 3.10.4 enige relevante aspekte in verband met die leerder se optrede tydens skoolaktiwiteite.

4. VERHOORPROSEDURE IN GEVAL VAN ERNSTIGE WANGEDRAG

- 4.1 Slegs die hoof of die persoon aan wie hy die taak delegeer, mag dissiplinêre optrede teen 'n leerder instel indien dit na ondersoek blyk dat daar getuienis van ernstige wangedrag soos uiteengesit in paragraaf 5 bestaan.
- 4.2 Die beheerliggaam stel 'n dissiplinêre komitee aan om die klagte van ernstige wangedrag aan te hoor.
- 4.3 Die dissiplinêre komitee bestaan uit 'n minimum van drie lede van die beheerliggaam en ten minste een persoon wat aangewys word.

- 4.4 Die hoof en enige leerder mag nie lede van die dissiplinêre komitee wees nie.
- 4.5 'n Leerder wat aangekla word van ernstige wangedrag ontvang skriftelike kennis van die verhoor, nie minder nie as 5 skooldae.
- 4.6 Die kennisgewing vermeld in paragraaf 4.5 moet die volgende inligting bevat:
- 4.6.1 Voldoende besonderhede rakende die datum, plek en aard van die beweerde wangedrag, ten einde die leerder in staat te stel om te reageer daarop;
- 4.6.2 Die datum, tyd en plek van die verhoor; en
- 4.6.3 Dat hy die reg het om homself te verteenwoordig en dat hy ook deur sy ouers/voogde of 'n praktiserende prokureur of advokaat bygestaan kan word.
- 4.7 Kennis van die dissiplinêre verhoor word ook aan die leerder se ouers/voogde gegee, welke skriftelik ontvangs van die kennisgewing sal erken. Indien dit nie moontlik is om sodanig kennis te gee nie, teken die dissiplinêre beampte dit aan op die kennisgewing en handig dit in by die Voorsitter van die dissiplinêre komitee tydens die verhoor.
- 4.8 Indien die leerder of sy ouers/voogde besluit om 'n regsverteenwoordiger aan te stel ten einde die leerder by te staan tydens die verhoor, is die leerder of sy ouers/voogde verplig om die dissiplinêre beampte van hierdie feit in kennis te stel en om die kontakbesonderhede van die regsverteenwoordiger aan die dissiplinêre beampte bekend te maak.
- 4.9 Die skool is geregtig om 'n kundige persoon aan te stel as aanklaer tydens die verrigtinge indien 'n regsverteenwoordiger vir die leerder verskyn. In alle ander gevalle tree die dissiplinêre beampte op as aanklaer.
- 4.10 Die dissiplinêre beampte is in alle gevalle geregtig om die advies van 'n onafhanklike kundige persoon in te win ten einde hom in die posisie te stel om die dissiplinêre proses vlot te laat verloop.
- 4.11 Die dissiplinêre verhoor mag slegs voortgaan in die afwesigheid van die leerder se ouers/voogde indien daar 'n voldoende rede vir hul afwesigheid op rekord geplaas word.
- 4.12 Die voorsitter van die dissiplinêre komitee moet by die aanvang daarvan by die leerder vasstel of hy die dienste van 'n tolk benodig en dieselfde reël geld ten aansien van enige getuies tydens die verhoor.
- 4.13 Die verhoorprosedure verloop soos volg:
- 4.13.1 Die aanklaer stel die klagte aan die leerder;
- 4.13.2 Die voorsitter van die dissiplinêre komitee vra die leerder of hy skuld op die klagte erken of ontken en indien die leerder weier om sy pleit op die klagte aan te dui, word dit geag dat hy onskuldig pleit op die klagte.

- 4.13.3 Indien die leerder skuldig pleit op die klagte, moet die komitee die leerder ondervra oor die klagte ten einde tot bevrediging van die komitee te bepaal of die leerder inderdaad skuldig is op die aanklag.
- 4.13.4 Indien die leerder onskuldig pleit op die klagte:-
- 4.13.4.1 Mag die aanklaer getuies roep, wat sal bevestig dat hulle die waarheid praat en enige ander addisionele getuies aanbied ten aansien van die bewerings teen die leerder.
 - 4.13.4.2 Die leerder, sy ouers/voogde of sy verteenwoordiger mag getuies ondervra en die getuienis wat aangebied word deur die aanklaer, ondersoek.
 - 4.13.4.3 Nadat al die getuienis teen die leerder aangehoor is, kan die leerder, sy ouers/voogde of sy regsverteenwoordiger getuies roep en ander getuienis aanbied ter ontkenning van die aanklag.
 - 4.13.4.4 Die aanklaer mag enige getuies wat namens die leerder getuig ondervra en getuienis ondersoek wat deur die leerder aangebied word.
 - 4.13.4.5 Die dissiplinêre komitee mag te enige tyd enige getuie ondervra en getuienis wat aangebied word, ondersoek.
 - 4.13.4.6 Nadat al die getuienis aangebied is, mag die aanklaer en die leerder en sy ouers/voogde of verteenwoordiger die dissiplinêre komitee toespreek indien hulle sou verkies om dit te doen.
 - 4.13.4.7 Die dissiplinêre komitee moet dan die verhoor verdaag ten einde te bepaal of die leerder skuldig of onskuldig bevind moet word op die klagte, met die voorbehoud dat die bevinding so gou doenlik en nie later nie as 48 uur daarna bekend gemaak moet word.
 - 4.13.4.8 Indien die leerder onskuldig bevind word op die klagte, moet die dissiplinêre komitee, indien die leerder dit versoek, die bevinding in die skool publiseer.
 - 4.13.4.9 Indien die leerder skuldig bevind word op die klagte, kan die dissiplinêre beampte en die leerder getuienis of argumente aanbied rakende die leerder se persoonlike omstandighede, sy gedragsrekord by die skool, die aard en erns van die oortreding ter sprake, die belange van die skoolgemeenskap en van die Departement, ter versagting of verswaring van die straf wat die dissiplinêre komitee mag oplê.
 - 4.13.4.10 Die leerder word persoonlik deur die komitee in kennis gestel van die beslissing en straf en indien die leerder dit verkies, geskied sodanige kennisgewing skriftelik.

- 4.14 Die verrigtinge voor die dissiplinêre komitee geskied altyd *in camera*.
- 4.15 Indien 'n leerder na behoorlike kennisgewing en sonder 'n geldige rede versuim om die dissiplinêre verhoor by te woon nadat dit 'n tweede keer saamgeroep is, gaan die verhoor in sy afwesigheid voort.

5. ERNSTIGE WANGEDRAG

Vir doeleindes van die toepassing van hierdie gedragskode, word die volgende gedrag as ernstige wangedrag beskou:

- 5.1 Die versuim om te voldoen aan 'n strafmaatreël opgelê ingevolge hierdie gedragskode, bv. verpligte detensie.
- 5.2 Die vervalsing van enige dokument of handtekening tot die potensiele of werklike nadeel van die skool of onregmatige bevoordeling van die leerder.
- 5.3 Die verhandeling of bekendmaking van enige toets- of eksamenvraestel sonder dat die toestemming van die hoof vooraf verkry is.
- 5.4 Die omkoperij van enige persoon of poging daartoe ten aansien van enige toets of eksamen, om aan 'n leerder of 'n medeleerder 'n onbehoorlike voordeel te laat toekom.
- 5.5 Oneerlikheid tydens 'n toets of eksamen.
- 5.6 Bedrog.
- 5.7 Diefstal of 'n ander oneerlike handeling tot nadeel van 'n ander persoon.
- 5.8 Besit, gebruik van of handel in enige onwettige of bedwelmende middel.
- 5.9 Besit van enige gevaarlike wapen.
- 5.10 Aanranding met die opset om ernstig te beseer.
- 5.11 Die aanhou van enige persoon as gyselaar.
- 5.12 Moord.
- 5.13 Verkragting of seksuele teistering.
- 5.14 Kwaadwillige beskadiging van 'n ander se eiendom.
- 5.15 Onderbreking of aansporing tot onderbreking van die behoorlike funksionering van die skool deur onwettige kollektiewe optrede.
- 5.16 Rassediskriminasie in enige vorm.

- 5.17 Skuldigbevinding aan enige strafregtelike oortreding en die vonnis tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete; en
- 5.18 Enige wangedrag wat nie spesifiek in hierdie paragraaf vermeld word nie, maar wat wel wangedrag is in gevolg hierdie gedragskode en ten aansien waarvan die leerder in die voorafgaande twaalf maande twee keer skuldig bevind is.
- 5.19 Enige vorm van teistering, bullebakkery of kuber-bullebakkery.
- 5.20 Herhaaldelike oortredings van die gedragskode.
- 5.21 Enige onbetaamlike liefkosing (vryery) gedurende skooldag of enige skool-aktiwiteit of enige ander plek, tyd, terwyl hy/sy in skooldrag en sportdrag is.

6. REG TOT APPÈL EN PROSEDURE

- 6.1 'n Leerder en sy ouers/voogde is geregtig om appèl aan te teken teen die bevinding en vonnis van die hoofderaad en/of dissiplinêre komitee.
- 6.2 Sodanige appèl word skriftelik aangeteken by die beheerliggaamsvoorsitter binne 2 (twee) dae nadat daar op 'n straf besluit is.
- 6.3 Die bevinding en straf word opgeskort hangende appèl.
- 6.4 'n Appèl teen die bevinding en vonnis van die hoofderaad word aangehoor deur 'n komitee van twee lede van die Beheerliggaam.
- 6.5 'n Appèl teen 'n bevinding en vonnis van 'n komitee van die Beheerliggaam word aangehoor deur 'n appèlkomitee wat bestaan uit 3 (drie) lede van die beheerliggaam. Geeneen van die lede van die appèlkomitee mag betrokke gewees het by die aanvanklike verhoor waaruit die appèl voortspruit nie. Appèl mag van die hand gewys word.
- 6.6 Die appèlverhoor vind op so 'n informele wyse as moontlik plaas.
- 6.7 Die appèlkomitee oorweeg die appèl met verwysing na die rekord van die verrigtinge, tensy daar nuwe getuienis beskikbaar word, wat dan oorweeg sal word.
- 6.8 Die appèlkomitee is geregtig om die ondersoek na die voorval wat aanleiding gegee het tot die aanklag te laat heropen indien dit na die oordeel daarvan nodig is en om verdere getuienis wat nodig is vir die regverdige beregting van die aanklag in te win.
- 6.9 Die appèlkomitee maak opnuut 'n bevinding ten aansien van die meriete en is geregtig om 'n alternatiewe straf as dié straf wat aanvanklik opgelê is, op te lê.
- 6.10 Die voorsitter van die appèlkomitee hou notule van die verrigtinge op die wyse wat hy goed vind.

- 6.11 Die leerder het tydens enige appèlprosedure dieselfde regte ten aansien van verteenwoordiging as wat hy tydens die aanvanklike verhoor gehad het.
- 6.12 Die beslissing van enige appèlkomitee is finaal.

DISSIPLINE IN PRAKTYK

1. 15 Strafpunte: **Opskort van voorregte, detensie en/of gemeenskapsdiens**
2. 20 Strafpunte: **Graadhoof intervensie**
3. 30 Strafpunte: **Adjunkhoof intervensie**
4. 50 Strafpunte: **Hoofderaadtug**
5. 70 Strafpunte: **BL-Tug**

Onder 10 strafpunte word 'n leerder se dissiplinêre rekord as skoon beskou. Detensie en gemeenskapsdiens word gebruik om 'n leerder se strafpunte af te werk.

HIERDIE GEDRAGSKODE IS GOEDGEKEUR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM 22 NOVEMBER 2018 EN IS ONDERHEWIG AAN VERANDERING IN DIE JAAR 2019.